3-

R.102/45/1

UNIVERSITEIT VAN NATAL,

POSBUS 375,

PIETERMARITZBURG.

VERTROULIK.

1 Junie 1953.

Baie van ons is besorgd oor die manier waarop ons alle persoonlike voeling met mekaar oor die lewensbelangrike vraagstukke van ras en kleur in ons land verloor. Dit is so jammer, omdat ons dit immers eens is oor die doel waarna ons strewe, nl. die handhawing en ontwikkeling van die (westerse) beskawing wat ons as 'n klein groepie blankes hier aan die suidhoek van Afrika kom vestig het en wat tans van meer as een kant bedreig word. Ons verskil egter oor die metodes waarop dié doel bereik moet word.

Dit is asof ons op 'n ysskots wat in twee stukke gebreek het, staan. Stadig drywe die twee groepe uitmekaar en spoedig sal die kloof so onherroeplik wyd wees dat ons dit nie meer sal kan oorbrug nie. Dink u nie dat terwyl daar nog tyd is, ons 'n plan moet maak om bymekaar te kom nie ?

Terwyl ons nie noodwendig tot eenstemmigheid mag geraak as gevolg van so'n samespreking nie, skyn dit tog asof dit op sigself 'n heilsame uitwerking mag hê as ons kan ontmoet en eerstehandse kennis van mekaar se sienswyses en oortuigings verkry. Hoe om die beste so'n samespreking te reël, is nog nie heeltemal duidelik nie.

Die gedagte het egter by meer as een van ons in die universiteite opgekom dat die universiteite waarskynlik die beste nukleus van so'n informele samekoms mag vorm met die doel om ons gedagtes en ervarings met mekaar te deel. Ek vertrou dat ons as universiteitsopgeleide persone darem in staat behoort te wees om hierdie moeilike probleem met 'n mate van objektiwiteit (groter altans as wat gewoonlik onder die publiek in die algemeen aangetref word) te benader. Daarby beskik ons waarskynlik ook oor meer feitemateriaal as wat algemeen toeganklik is.

As hoof van die Universiteit van Natal wat nòg nie-blankes totaal uitsluit nòg hulle tot dieselfde klasse as die blankes toelaat, kan dit miskien beskou word dat ek 'n genoegsame neutrale persoon is om die inisiatief te neem en die Universiteit van Natal aan te bied as 'n moontlike vergaderplek vir so'n konferensie of samespreking.

Hoe korter en eenvoudiger die agenda van so'n konferensie kan gemaak word, hoe beter. Die ware doel is om ons probleme openhartig en tydsaam met mekaar te bespreek. Indien ons sekere punte van eenstemmigheid mag bereik, des te beter. Indien ons moet ooreenkom om te verskil, voel ek oortuig dat dit met vriendskaplikheid en met wedersydse waardering en respek sal geskied. In ieder geval hoop ek dat ons gelukkiger sal voel as gevolg van die feit dat ons hierdie fundamentele vraagstukke eerlik onder die oë gesien het.

Ek stel voor dat die kort vakansie in September van hierdie jaar 'n geskikte tyd vir so'n konferensie sal wees, dit wil sê, drie of vier dae binne die tydperk 20 tot 26 September. Die

Universiteit ..........

Universiteit van Natal sal losies verskaf en ook die geld vir die reiskoste van diegene wat die samespreking bywoon.

Persone word as indiwidue uitgenooi, en nie as afgevaardigdes met 'n opdrag van die een of ander bepaalde organisasie nie. Dit sal elkeen vrylaat om as indiwidu te praat sonder om enige vereniging of inrigting,waaraan hy mag behoort, daardeur te kompromiteer. Die plan is nie noodwendig om resolusies by wyse van stemming te passeer nie, ook nie om publisiteit aan punte waaroor ons mag verskil of ooreen mag kom, te verskaf nie, tensy die konferensie self dit verlang.

Voorlopig beperk ek my uitnodigings hoofsaaklik tot diegene wat in verband met universiteite werksaam is, of wat 'n wetenskaplike studie van die probleem in een of ander van sy aspekte gemaak het. (Ongeveer 25 altesame.)

Parlementslede of staatsamptenare word nie uitgenooi nie.

Ten einde te verseker dat die besprekings onbelemmer en openhartig sal geskied, word die deelnemers beperk tot diegene wat albei landstale goed verstaan. Die pers en die publiek word van die vergaderings uitgesluit.

Ten slotte voel ek dat dit wenslik is om deelname aan hierdie samespreking tot blankes alleen te beperk.

Ons kan later op besonderhede ingaan. Die doel egter van hierdie voorlopige skrywe is om uit te vind of u hierdie voorstel in beginsel steun, en indien wel, of u bereid sou wees om 'n paar dae opsy te sit ten einde hierdie voorgestelde besprekings by te woon en daaraan deel te neem.

Ingeval u kan dink aan enige persoon wat volgens u mening nie alleen bevoeg en goed ingelig is nie, maar ook wetenskaplik en besadig aan so'n bespreking kan deelneem, sal ek bly wees om sy naam te ontvang.

Enige wenke van u omtrent die formulering van die tema (of temas) vir bespreking sal ook welkom wees.

'n Gunstige antwoord afwagtend,

Hoogagtend die uwe,

E.G. Malherbe

PRINSIPAAL.

LYS VAN PERSONE WAT UITGENOOI IS.

Dr. S. Biesheuvel

Dr. E. Brookes

Professor J. P. Bruwer

Professor P.J. Coertze

Mnr. J.H. Coetzee

Prof. J. P. Duminy

Prof. L.J. du Plessis

Mnr. C.P. Dent

Dr. G.B.A. Gerdener

Mnr. E. Havemann

Dr. A. W. Hoernlé

Prof. D. Hobart Houghton

Dr. B.B. Keet

Dr. F. J. Language

Prof. I.D. MacCrone

Dr. Ben Marais

Mnr. Leo Marquard

Prof. N. J. Olivier

Mr. Alan Paton

Prof. S. Pauw

Ds. J. Reyneke

Prof. C.G.W. Schumann

Dr. S.H. Skaife

Mnr. C. Te Water

Prof. F.R. Tomlinson

Prof. H.B. Thom

Prof. A.J. van der Walt

Dr. B.I.C. van Eeden

Dr. H.J. van Eck

Mnr. W. van Heerden

Professor A. van Schalkwyk

Prof. E.F.W. Gey van Pittius

Mnr. F.J. van Wyk

Rev. J.B. Webb.

3.

# UNIVERSITY OF NATAL

PIETERMARITZBURG AND DURBAN

Office of
the Principal and
Vice-Chancellor

Reference No. R102/45/1
Tel. Add.: "UNIVERSITY"
P.O. Box 375
PIETERMARITZBURG
South Africa

STELLA AURORAE

**STRICTLY CONFIDENTIAL.** 15th June, 1953.

Mr. Alan Paton,
P. O. Box 27,
BOTHA'S HILL.

Dear Mr. Paton,

You will remember that I discussed with you my plan to invite certain individuals to a discussion at this University during September. Herewith I am enclosing a copy of a letter in Afrikaans to indicate more or less the lines on which I have approached most of the people I have invited.

It is possible that some may not be able to come in September. Kindly let me know whether that date will suit you and whether, should we have to postpone the conference, you could come alternatively from December 1 to 4.

You must please make every effort to be present as I am sure that your participation in these discussions will be most important.

With kind regards,

Yours sincerely,

E.G. Malherbe

PRINCIPAL.

3.

Toc H T.B. Settlement,
Botha's Hill,
Natal.

June 17th 1953.

Dr. E.G. Malherbe,
P.O. Box 375,
PIETERMARITZBURG.

Dear Dr. Malherbe,

Many thanks for your letter of June 15. I think it is a most remarkable list of people that you have drawn up, and I do wish to point out to you that I am now (it sounds strange to put it so,) a Party Politician. Do you not think it would be better if you were to exclude me?

Yours sincerely,

**Collection Number: AD1169**

**Collection Name: Alan Paton Papers, 1952-1988**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand**
*Location:* **Johannesburg**
**©2016**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.